AP1993_13_12_19

● Omstrede oud-KP van 'dokument'-faam kies vir Buthelezi

# KOOS NA INKATHA

Deur CHRIS KARSTEN: Johannesburg

**IN 'n skok-aankondiging het mnr. Koos van der Merwe, stigterslid en voormalige hoofpropagandis van die Konserwatiewe Party en byna twee jaar lank Onafhanklike LP vir Overvaal, hom gister by die Inkatha-Vryheidsparty aangesluit.**

Daar is geruime tyd in politieke kringe bespiegel dat mnr. Van der Merwe hom moontlik by die Nasionale Party sou skaar.

Hy het gister aan Rapport erken dat daar wel sprake van toenadering was, maar dat sy keuse op die Inkatha-Vryheidsparty geval het. Hy sê die IVP is 'n "vesting van federalisme waarin hy hom beter kan beywer vir die Afrikanersaak, en van waar ek die ANC skenkel en heup wil slaan".

**'I.V.P. IS DIE PLEK'**

Mnr. Van der Merwe, wat in April 1992 op erg omstrede wyse uit die KP geskors is – hy moes op Jan Smuts-lughawe van 'n SAUK-verslaggewer verneem dat hy uit die koukus geskop is – het gister oor sy verrassende stap aan Rapport gesê dat dit geen maklike besluit was nie. Maar "ek voel dat ek tog nog 'n politieke rol te speel het. En die IVP is die plek waar ek dit kan doen."

Sy besluit om sy gewig by mnr. Mangosuthu Buthelezi in te gooi, is gister in 'n toespraak tydens die belangwekkende debat oor die Oorgangsgrondwet in die Parlement aangekondig.

Vroeër die week het nóg 'n voormalige KP-voorman, mnr. Cehill Pienaar, hom ook by Inkatha aangesluit, "omdat die IVP die enigste politieke party is wat ware federalisme nastreef waarin groepe en nasies maksimum outonomie kan bereik".

Dis juis oor die federale opsie dat mnr. Van der Merwe sterk voel. Aan Rapport sê hy: " 'n Soewereine onafhanklike land is deur die vingers laat glip. Nou bly net federasie oor en daarvoor is samewerking met die magtige Zoeloevolk en Inkatha die beste opsie."

**NET ÉÉN PAD**

In sy toespraak het mnr. Van der Merwe gesê vir die Afrikaner is daar net één pad vorentoe, en dis alliansiepolitiek, om hande te vat met ander minderhede wat ook op " 'n onvervreembare reg op selfbeskikking" aanspraak maak. Hy het gesê hy het oor maande as enkeling in die politiek "gesien hoe politici voor die ANC buig, knak en vou – selfs kruip. Mnr. Buthelezi het dit nie gedoen nie".


Die vurige en dikwels omstrede mnr. Van der Merwe, wat op 30 November 1977 as NP-Volksraadslid vir Jeppe die eerste keer Parlement toe is, was op 24 Februarie 1982 'n stigterslid van die KP toe 'n klomp rebelle uit die NP-koukus geskop is.

Hy was die opsteller van die opspraakwekkende "Koos-dokument" wat in die pers uitgelek het en waarin hy die KP gemaan het om nuwe strategieë te bedink en vir 'n volkstaat te onderhandel.

Sedert hy byna twee jaar gelede verneem het dat sy eertydse leier, dr. A.P. Treurnicht hom, sonder om hom vooraf daarin te ken, uit die KP geskors het – 'n dag ná 'n onderhoud met Rapport waarin hy reguit gesê het die KP moet vernuwe – het hy "die politieke toneel en die onderhandelingsproses op Kempton Park fyn van die kantlyn af dopgehou".

Dit was vir hom 'n "eensame" twee jaar. Maar dit was vir hom nodig: "Op 'n eensame pad kan 'n mens baie sien en mediteer en leer om die korrels van die kaf te skei

● Lees verder op bladsy twee●



NOU'S dit die Inkatha Vryheidsparty vir mnr. Koos van der Merwe! Hier verwelkom dr. Ben Ngubane, die hoofonderhandelaar van die IVP, hom gister voor die Parlement. Foto: STEVE EGGINGTON

RAPPORT 19 DEC 1993

# KOOS NA INKATHA

● Vervolg van bladsy een●

en vrede met jouself te maak ... Daar is ook geen gif meer in my teen die KP nie.

"Dis nou tyd dat die kiesers begin besef wie die ware vyand is. Dis die ANC, Kommunisme toegedraai in 'n Xhosa-kombers.

"Hulle moet gestuit word, want hulle is gevaarlik. En die enigste manier om dit te doen, is dat almal wat anti-ANC is, hulle onderlinge gevegte vir die binnekamers hou, en buite as alliansie-vennote onder die ANC inklim."

En van politieke gevegte is mnr. Van der Merwe 'n veteraan. Daarbenewens het hy uitgebreide kontakte oorsee en is 'n hele paar – ook inheemse – tale magtig.

Mnr. Van der Merwe wou hom nie uitlaat oor die feit of die IVP aan die verkiesing gaan deelneem nie. "Daar sal weldra 'n besluit geneem word."

Maar in sy toespraak staan daar betekenisvol: "Die ANC moet binne die reëls van die demokrasie bal én mens van die veld gespeel word."

● Uit Kaapstad berig KARIN BRYNARD dat mnr. Fanus Schoeman, Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, gistermiddag laat in sy toespraak tydens die Grondwet-debat mnr. Van der Merwe se aankondiging as opportunisme bestempel het.

"Hulle (mnr. Van der Merwe en mnr. Pienaar) sou dit egter nie gedoen het as hulle nie seker was dat die IVP wel aan die verkiesing gaan deelneem nie."

# Uurglas loop leeg vir VA-skikking

## Benoude laaste pogings met nuwe grondwet

Deur KARIN BRYNARD: Kaapstad en Z.B. DU TOIT: Pretoria

TWEE treë vorentoe, drie treë terug... Só het dit die naweek gegaan tussen die Regering en die Vryheidsalliansie in benoude laaste pogings om die VA by die Grondwet ingebind te kry.

Gistermiddag laat het die hoop egter weer sterk opgevlam dat die onderhandelings tóg nie op 'n dooie punt uitloop nie toe die onderhandelingspanne van die Regering en die VA opnuut beraadslaag het. Die gesprek was afgestem op wysigings aan die grondwet, maar die VA-span het nie 'n mandaat van hulle leiers gehad om tot 'n finale besluit te kom nie. Hulle is deur die Regering versoek om so spoedig moontlik terug te kom met gewysigde voorstelle. Maar geen reëlings was gisteraand nog gefinaliseer vir verdere onderhandelings vandag of môre nie.

Die Regering het dit egter gisteraand sterk onder die VA-afvaardiging se aandag gebring dat môre die laaste dag is vir wysigings aan die ontwerp-grondwet.

En in Johannesburg het 'n soortgelyke drama hom afgespeel toe 'n gesamentlike nuuskonferensie tussen die Afrikaner-Volksfront en die ANC gereël is, oënskynlik om 'n belangrike deurbraak in die twee se uitgerekte onderhandelings aan te kondig... en ter elfder ure weer afgestel is.

Vir die Regering en die VA was dit hierdie naweek letterlik 'n geval van op nommer nege-en-negentig probeer om 'n skikking te kry. Wanneer die debat oor die nuwe grondwet môre-aand om halfelf in die Parlement in Kaapstad ten einde loop, het die uurglas vir die VA en die Inkatha-Vryheidsparty ook leeggeloop.


### OPNUUT HOOP

Teen Vrydagaand was daar opnuut hoop. Mnr. Rowan Cronjé, uitvoerende hoofamptenaar van die VA, het gepraat van die knoop wat 95 persent deurgehak is. En in die Parlementêre Staande Komitee oor Staatkundige Ontwikkeling was daar so te sê 'n deurbraak tussen die Regeringsonderhandelaars en die parlementêre verteenwoordigers van die Inkatha-Vryheidsparty.

Só hoog was die optimisme dat pres. F.W. de Klerk uit Pretoria laat weet het hy is bereid om sy Saterdag-program te kanselleer en terug te vlieg Kaapstad toe as die VA-leiers sou instem om hom te woord te staan.

Die deurbraak wat met die IVP in die Staande Komitee bereik is, is Vrydagmiddag aan mnr. Cyril Ramaphosa, hoofonderhandelaar van die ANC, in Kaapstad voorgelê. Hy het blykbaar aangedui dat die ANC vir die wysigings te vinde sou wees.

Tot laat die aand het mnr. Roelf Meyer, die Regering se hoofonderhandelaar, en mnr. Cronjé telefonies geprobeer om die leiersberaad op dreef te kry. Tevergeefs. Mnr. Mangosuthu Buthelezi, leier van die IVP, het nie sy weg oopgesien nie.



MNR. ROWAN CRONJÉ ... "knoop is 95 persent deurgehak".



MNR. MANGOSUTHU BUTHELEZI ... nie sy weg oopgesien vir beraad.

'n Hoogs gefrustreerde mnr. Meyer het tydens die grondwetdebat opnuut herhaal dat die deur nog nie finaal toe is nie. Daar is nog ure oor, het hy gesuggereer, en die VA en veral die IVP genooi om daardie ure aan te gryp.

Tot in die laaste ure het die IVP nog nie sy weg oopgesien om alles in die stryd te werp nie, het hy gesê.

Nou bly daar nog net die laaste ure van Sondag oor...

Geheimsinnigheid omhul intussen steeds die skynbare amperse ooreenkoms wat die Volksfront en die ANC gister bereik het ná 'n koorsagtige geskarrel tussen leiers van die twee groepe in Pretoria, Johannesburg en Kaapstad.

'n Erkenning deur die ANC van die

### GESKARREL

Volksfront se eis vir 'n volkstaat is glo ter sprake, maar niks van die struikelblokke oor die ligging van dié voorgenome staat, sy grense en die burgerskapkwessie van nie-Afrikaners binne die voorgenome gebied is nog opgeklaar nie, word verneem.

'n Leier van die Volksfront, genl. Constand Viljoen, wou gistermiddag niks meer sê nie as dat albei partye kompromieë gemaak het en dat die onderhandelinge oor besonderhede nog die hele proses kan kelder.

Belangrike aankondigings kan nietemin hierdie week verwag word. As die Volksfront sy sin kry, kan dit daartoe lei dat voorsiening in die ontwerp-grondwet gemaak word vir voortgesette onderhandelings oor die volkstaat-kwessie. Dit moet egter in die tweede helfte van Januarie afgehandel word en sal deel uitmaak van 'n volledige pakket waarmee die VA in die proses geakkommodeer sal word, volgens genl. Viljoen.

### GRETIGHEID

Parlementslede van die IVP, een van die Volksfront se bondgenote in die VA, het tydens die parlementêre debat juis opnuut hul gretigheid tot 'n skikking onderstreep. Mnr. Jurie Mentz van Vryheid het gesê hy is oortuig dit is nie in die belang van óf die land óf sy party om nie aan die verkiesing deel te neem nie.

Na verneem word is daar ernstige opstandigheid onder parlementslede van die IVP oor die onversetlikheid van mnr. Buthelezi oor deelname aan die verkiesing en die aanvaarding van 'n skikking met die Regering.

● Dit was toe nie met 'n geweldige slag dat 'n nuwe grondwet vir Suid-Afrika dié week by die Parlement ingedien is nie – maar eerder met 'n besadigde en soms selfs effe saai praatsessie.

Van die kant van die Konserwatiewe Party was daar vooraf dreigemente van geweld en verset – maar toe die debat Vrydagoggend om tienuur in die Grootsaal van die Parlement begin het, was daar van die beloofde storm en drang geen teken nie.

Die eintlike debat was natuurlik buite-om die mure van die Parlement aan die gang.

### GRONDWET BESING

In toespraak ná toespraak is die nuwe grondwet van Regeringskant besing as 'n deurbraak vir vrede en versoening. Mnr. Meyer, wat naas hoofonderhandelaar van die Regering ook Minister van Staatkundige Ontwikkeling is, het die grondwet bestempel as 'n demonstrasie vir geregtigheid, vir redelikheid en vir medemenslikheid.

Van die kant van die KP is die grondwet vierkantig verwerp. Dit is as 'n "sondige dokument" uitgewys wat "Suid-Afrikaanse Christene op 'n dwaalspoor sou bring". Verskeie KP-sprekers het gesê die grondwet dien as morele regverdiging vir die geweld wat vanuit regse Afrikanergeledere sal losbars.